



Die implikasies van 'n regstaat vir ontwikkelende lande¹

The implications of a constitutional state for developing countries²

DANIE STRAUSS

Dekaanskantoor, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
dfms@cknet.co.za

JANNIE ROSSOUW

SA Reserwebank en Departement Ekonomie, Universiteit van Pretoria
Jannie.rossouw@resbank.co.za

JOHAN FOURIE

SA Reserwebank
Johan.fourie@resbank.co.za



Danie Strauss



Jannie Rossouw



Johan Fourie

DANIE STRAUSS word in 1971 as Senior Lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. In Januarie 1976 is hy bevorder tot medeprofessor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf 1 April 1998 tot 31 Desember 2001 ageer hy as Dekaan van die nuwe *Fakulteit van Geesteswetenskappe* aan die UOVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 35 internasionale konferensievoordragte en 20 bydraes tot versamelde werke het sowat 230 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wys-

DANIE STRAUSS was appointed as Senior Lecturer in Philosophy at the then UOFS in 1971. In January 1976 he was promoted to associate professor and in October 1977 he assumed the position of professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where, as the first Director of the Dooyeweerd Centre, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UOFS. Apart from 15 independent publications, 35 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published about 230 articles in national and international journals. In 2006 his work on the philosophical foundations of the

¹ Die menings in hierdie artikel weerspieël nie noodwendig die menings van die SA Reserwebank of enige van die universiteite nie.

² Hoewel die kwalifikasie “under the rule of law” oortollig mag klink moet onthou word dat byvoorbeeld die kommunistiese volksrepublieke van die vorige eeu ook konstitusies gehad het – en dus “konstitusionele state” was – maar hulle was almal *magstate*. Daar kan derhalwe onderskei word tussen *konstitusionele regstate* en *konstitusionele magstate*. Nogtans sal ons kortheidshalwe 'n regstaat as 'n “constitutional state” aandui. ('n Regstaat soos Engeland het byvoorbeeld nie 'n geskrewe konstitusie nie.)



<p>gerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer <i>Peter Lang</i> gepubliseer – <i>Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln</i> (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – <i>Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology</i> (310 pp.) (Oxford/New York).</p>	<p>modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – <i>Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln</i> (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang also published his work <i>Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology</i> (310 pp.) (Oxford / New York).</p>
<p>JANNIE ROSSOUW is 'n Adjunkhoofbestuurder van die SA Reserwebank en doseer deelyds ekonomie aan die Universiteit van Pretoria. Hy het 'n magistergraad in die ekonomie en 'n MBA aan die Universiteit van Pretoria behaal, en 'n PhD aan die Universiteit van KwaZulu-Natal. Sy vernaamste navorsingsveld is geloofwaardige en akkurate inflasiesyfers. Saam met sy kollega Johan Fourie doen hy navorsing oor die bydrae van politieke strukture en makro-ekonomiese konvergensie in die SAOG-streek tot die bekamping van streeksarmoede. Hy het etlike akademiese artikels in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer en spreek gereeld plaaslike en internasionale konferensies oor sy navorsing toe.</p>	<p>JANNIE ROSSOUW is a deputy general manager of the SA Reserve Bank and is employed as a part-time lecturer in economics at the university of pretoria. He completed a master's degree in economics and an MBA at the University of Pretoria, as well as a PHD at the University of KwaZulu-Natal. He has published numerous academic papers in accredited journals in south africa and abroad, and he frequently addresses local and international conferences on his research interests. His current research focuses on inflation credibility and accuracy. In conjunction with his colleague Johan Fourie his research on political structures and macro-economic convergence in the SADC focuses on the eradication of poverty in the region.</p>
<p>JOHAN FOURIE het sy kwalifikasies in staatsleer aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth verwerf. Hy is tans die Uitvoerende Assistent van die President van die SA Reserwebank. Saam met sy kollega Jannie Rossouw doen hy navorsing oor die bydrae van politieke strukture en makro-ekonomiese konvergensie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap tot die bekamping van armoede. Hy het konferensies oor hierdie onderwerpe toegesprek en sy navorsing is in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer.</p>	<p>JOHAN FOURIE obtained his qualifications in political science from the former University of Port Elizabeth. He is currently the Executive Assistant of the Governor of the SA Reserve Bank. In conjunction with his colleague Jannie Rossouw his research focuses on the contribution of political structures and macro-economic convergence in the Southern African Development Community to the eradication of poverty. He has addressed local and international conferences on his research interests and his research has been published in accredited academic journals.</p>

ABSTRACT

The implications of a constitutional state for developing countries

This article commences with a historical perspective on state and economy in order to arrive at a characterisation of the nature of a constitutional state, in terms of the differently-natured legal spheres within a differentiated society. The focus then shifts to developing countries, the problem of poverty and the relevance of various theories of development.

A literature review reveals as alternative theories for economic growth the linear-stages-growth model, the neo-Marxist (or dependency) growth model, the orthodox growth model and the structural growth theory. The single main objective of all these models is the quickest eradication of poverty, but these theories differ with regard to the most suitable ways in which to eradicate poverty on a sustained basis in the shortest possible time. Literature on development



strategies currently favours either the orthodox model or the structural model, as the other two models have been discredited owing to recent experiences in economic growth and development. This challenge of poverty eradication has been described as one of melting the “Golden curtain” which separates wealthy countries in the northern hemisphere from the poor countries in the southern hemisphere.

Although different models aiming at economic growth and economic development were used by different countries and in different regions, African countries have shown little progress in the eradication of poverty. Factors other than the application of particular development strategies therefore played a role and contributed, depending on the circumstances, either to a faster or to a slower eradication of poverty in different regions and countries. These discrepancies that occurred over a period of 30 years (1970 tot 2000) between certain parts of the world recording remarkable progress in their efforts to combat poverty on the one hand, compared to increases in poverty in other parts of the world on the other, require an assessment which takes into account a more encompassing perspective.

*On the basis of these considerations the question is then raised in this paper as to whether or not the “just state” can play a significant role in developing countries, *inter alia*, in the light of existing theories of development. The intimate coherence between a system of free enterprise, the free market and the juridical guarantees of a just state underpins key elements in the formulation of the conclusion of this article.*

KEY CONCEPTS: Democracy, economic development, economic growth, growth theories, governmental authority, poverty, property rights, rule of law (“regstaat”), (un)differentiated society.

TREFWOORDE: Armoede, demokrasie, eiendomsreg, ekonomiese groei, ekonomiese ontwikkeling, groeiteorieë, (on)gedifferensieerde samelewing, owerheidsgesag, regstaat.

OPSOMMING

Hierdie artikel begin met ’n historiese perspektief op staat en ekonomie om vervolgens oor te gaan tot ’n tipering van die aard van ’n regstaat in terme van die verskillend-gearde regsfeer in ’n gedifferensieerde samelewing. Daarna word die aard van ontwikkelende lande, die armoedeprobleem en ’n aantal prominente ontwikkelingsteorieë aan die orde gestel. Uit die feit dat oor ’n typerk van 30 jaar (1970 tot 2000) daar in sekere wêrelddele merkwaardige sukses behaal is met pogings om armoede uit te wis, maar dat armoede in sekere ander wêrelddele toegeneem het, volg dit dat breëre samehange verreken moet word in die beoordeling daarvan. Op die basis van hierdie gesigspunte word daar dan gelet op die vraag of die onderliggende beginsels van ’n regstaat ’n belangrike rol in ontwikkelende lande kan speel, onder meer in die lig van bestaande ontwikkelingsteorieë. Die onverbreeklike samehang tussen ’n vrye ondernemingsstelsel, die vrye mark en die juridiese borge wat deur ’n regstaat gestel word, begelei kernelemente in die gevolgtrekking waartoe gekom word.

STAAT EN EKONOMIE IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Alhoewel dit haas vanselfsprekend is om oor die staat en oor die verhouding van die staat tot ’n vrye markeconomie te praat, moet geensins vergeet word nie dat ons hier met realiteite te doen het wat ingebed is in ’n lang ontwikkelingsgeskiedenis. Die gemeenskaplike vertrekpunt van





beide ontwikkelingslyne is gegee in die vroegste bekende ongedifferensieerde samelewings, met name die *grootfamilie*, “sib” of “clan”, en die relatief sterker georganiseerde *stamverband*. Dergelike ongedifferensieerde samelewings staan soms ook nog as *primitiewe samelewings* bekend. Kammler (1966:17-18) wys daarop dat die term “natuurvolk” as gevolg van die idilliese konnotasie wat Rousseau daaraan verbind het, nie meer toereikend is vir dergelike tradisionele samelewings nie. Volgens hom takseer die etnologie en die sosiologie menslike samelewings as *primitief* indien aan die volgende twee vereistes voldoen word:

- (a) die tegnologie daarvan nog weinig ontwikkel het en die produktiwiteit daarvan dienooreenkomstig nog relatief gering is; en
- (b) indien daarin ’n laere graad van sosio-kulturele differensiering aanwesig is – dit wil sê die uitkristallisering van politieke en administratiewe, ekonomiese, juridiese, godsdienstige en opvoedkundige funksies uit die familieverband in besondere instellings nog afwesig is of nog slegs in die beginfase daarvan herkenbaar is.

Die keersy van sulke “primitiewe samelewings” word aangedui as “komplekse samelewings” (Kammler, 1966:17-18) – hoewel dit verkieslik is om daarna, veral in aansluiting by die spraakgebruik van prominente sosiologiese denkers uit die 20ste eeu (soos Weber, Parsons, Alexander en Münch) as *gedifferensieerde samelewings* te verwys. ’n Opvallende kenmerk van die vroegste groepe jagers en versamelaars is dat hulle reeds die *instituut van slawerny* benut het. Tegelyk vertoon hierdie laagste vlak van ontwikkeling egter ook elemente van bowe- en onderskikking – sowel binne die sfeer van ekonomiese aktiwiteite as binne die sosiale ordening wat daarin bestaan – Kammler praat van heerskaplike elemente (Kammler 1966:30) wat vergelykbaar is met dit wat later as die *staat* bekend sou staan. Gevolglik meen Kammler dat die “politieke element” oral in primitiewe samelewings aanwesig is (Kammler 1966:31).

Die opvallende is egter dat tradisionele ekonomiese praktyke, soos in ’n ongedifferensieerde samelewingspatroon, deel uitmaak van die kollektiewe aard van dergelike samelewings. Dit is telkens die *geheel* wat in verskillende hoedanighede optree – “uitstulpings” wat later op ’n meer gedifferensieerde vlak van ontwikkeling deur selfstandig-onderskeie samelewingsvorme behartig word. ’n Ongedifferensieerde (tradisionele) samelewing tree in sy geheel afwisselend op as ’n *kulties-godsdienstige* eenheid (later onderkenbaar as ’n geloofsverband), ’n *politieke eenheid* (later eienbaar as ’n staat) en as ’n *ekonomiese eenheid* (later te onderken as ’n ekonomiese verband).

Die implikasie is dat nóg die moderne *staat* nóg die moderne *vrye onderneming* ’n a-historiese gegewe is wat ongeskonde dwarsdeur die wêreldgeskiedenis onveranderd aangetref word. Beide hierdie samelewingsvorme het tewens pas in die resente beskawingsgeskiedenis van die wêreld na vore getree.³ Die lang geskiedenis van die Weste word aanvanklik gedomineer deur die Griekse *polis* (stadstaat) wat die lewe van die mens totalitêr omvat het en daarop gerig was om die mens tot sedelike vervolmaking te voer (“goedheid”).⁴ Gedurende die middeleeue het die Roomse Kerk uiteindelik die oppermag verwerf deur die relatief ongedifferensieerde staatlike orde saam te snoer onder die gesag van die vermeende volmaakte bonatuurlike genade-instituut, die kerk as *societas perfecta* (perfekte samelewing), wat die mens tot sy bonatuurlike vervolmaking voer

³ Selfs die term *staat* is van resente herkoms. Die term *Politeia* is tradisioneel gebruik met as Latynse ekwivalent *regnum*. Dit was eers gedurende die 16de en 17de eeue dat die term “staat” in Engelse, Franse en Duitse geskifte begin verskyn het (vgl. Jellinek 1966:132-135).

⁴ Vergelyk die eerste Hoofstuk, Boek I van Aristoteles se werk *Politica* (Aristoteles, 2001:1127 ff., 1252a e.v.).





– ewige geluksaligheid.⁵ Algemeen gesproke ken die wêreldgeskiedenis *wêreldryke* wat die privaatbesit van die vors (koning) was – vandaar die aanduiding *koninkryk*. Die verweeftheid van kerk en “staat” gedurende die middeleeue het na die verbreking van die Roomse kerklike eenheidskultuur gelei tot ’n langsame proses van *ontstrengeling* wat die opkoms van die moderne staat moontlik gemaak het.

Die frase *status regalis* het ’n nuwe inhoud gekry en het onder meer beteken dat die owerheidsamp van die persoon wat dit beklee, onderskei moet word. Intussen het Bodin die term *soewereiniteit* ingevoer om op die regsformende kompetensie van die staatlike owerheid te wys (vgl. Mager 1968:488).⁶

Ontwikkelinge rakende die ekonomiese aktiwiteite van samelewings vertoon eweseer ’n vervlegtheid met die toenemende samelewingsdifferensiasie wat algaande ingetree het. Dink slegs aan die ontwikkeling vanaf die vroegste nomadiese ekonomieë, opgevolg deur verderontwikkelende veeboer- en landboukulture, later deur die sterker georganiseerde munt- en gildewese uit die Middeleeue met die daaruit voortvloeiende feodale stelsel, en eventueel tot die *bedryf* as moderne ondernemingsvorm binne ’n sogenaamde vrye markeconomie. Van deurslaggewende belang in hierdie verband was die ontstrengeling van *bedryf* en *gesin* tydens die industriële omwenteling.

Hierdie ontwikkelinge word pertinent gereflekteer in die besinning van die sosioloog Münch. Volgens hom verskaf Weber se teorie van rasionalisasie die vertrekpunt van die teoretiese debat sedert die 1980s – gelei deur die toenemende mate waarin die samelewing gedifferensieer het in sferes wat deur hul eie intrinsieke wette beheers word (Münch 1990:442).

Sodra die historiese dimensie van die problematiek wat in die tema van hierdie artikel opgesluit lê, verreken word, blyk die kompleksiteit daarvan dus vanself. Beide die moderne staat en die moderne bedryf is die vrug van ’n differensieeringsproses waarin daar in ’n bepaalde sin ’n wederkerige afhanklikheid tussen staat en bedryf ontwikkel het. Vir die orentkom van die moderne staat was dit nodig dat die samelewing vertak (differensieer) deurdat ’n verskeidenheid nie-staatlike samelewingsvorme tot selfstandigheid gegroei het, insluitende die ekonomiese bedryf. Omgekeerd was die opkoms van die moderne bedryf as ondernemingsvorm afhanklik van die saamtrek van die “swaardmag” in die sentrale hand van ’n staatsowerheid wat dit dan in diens kon stel van die beskerming van die *regselange* van die differensieërende menigvuldigheid nie-staatlike samelewingsvorme – waar die bedryf een van vele is wat spesifieke ekonomiese regselange opgelewer het.⁷

Alvorens ons egter nader ingaan op die ekonomiese sy van die ontwikkelingsproblematiek van ontwikkelende samelewings staan ons eers nog stil by die aard van ’n regstaat. Die eerste belangrike gesigspunt is kortliks reeds hierbo vermeld, naamlik dat die staat nie die *privaatbesit* van ’n vors is nie, aangesien dit ’n *publiekregtelike instelling*, ’n *saak van die publiek*, ’n *res publica* is. ’n Koninkryk behoort aan die Koning, dit is sy privaatbesit wat verhandel kan word

⁵ In die pouslike ensikliek *Quadragesimo anno* (15 Mei 1931) word dit eksplisiet gestel: “Ongetwyfeld besit die kerk nie die taak om die menslike persoon bloot tot ’n verganklike en tekortskietende blydskap te bring nie, want dit moet ’n mens tot ewige geluksaligheid voer” (vgl. Schnatz, 1973:403).

⁶ Die aard van ontwikkeling hang ten nouste saam met die historiese dimensie van die werklikheid. Daarom word kortliks aandag gegee aan die historiese agtergrond van die moderne regstaat – dit het nie eensklaps uit die lug geval nie.

⁷ Ons laat tans die skromelike verwaarlosing van die *ekonomiese regselange* van die burgers tydens die industriële omwenteling daar deur bloot daarop te wys dat die eensydige leiding wat deur die klassiek-liberale staatsidee van Locke en die oortuigings van die klassieke skool in die ekonomie – Adam Smith en sy nakomelinge – gegee is, gelei het tot die uitbuiting van die werkers en tot die opkoms van vakbondwese, die arbeiderpartye uit die 19de eeu asook die Marxisme en kommunisme.





(die amp van die owerheid is daarin bloot 'n *res in commercio*). Hieruit vloei regstreeks voort dat die staat eintlik na sy aard 'n *saak van die publiek* is, dit wil sê dat dit 'n *publiekregtelike* karakter besit en gevolglik as sodanig as 'n *republiek* aangedui behoort te word.

Sedert Machiavelli word egter onderskei tussen *republieke* en *monargieë* asof dit gaan om *staatsvorme* – hoofsaaklik omdat die vraag na *mag* (owerheidsgesag) sentraal gestel is: besit die volk of die vors die hoogste gesag? Onderskeidelik lei dit dan tot die sienings van *vorssoweriniteit* of *volksoewereiniteit*. Gedurende die eerste fase van die moderne politieke denke domineer *magstaatsteorieë* egter die toneel (15de tot 17de eeue) – Machiavelli en Hobbes. 'n *Magstaatsteorie* is sowel *absolutisties* as *totalitêr*.⁸

Die ironie is dat alhoewel Rousseau 'n *formele regstaatsteorie* ontwikkel, die uiteindelijke *inhoud* van sy benadering net so *totalitêr* en *absolutisties* is as die siening van Hobbes. Wat Hobbes sê oor die almag van die *vors* (vgl. Hobbes 1651:228-229) verdedig Rousseau oor die almag van die *volonté générale* (algemene wil). Rousseau stel tewens eksplisiet dat die sosiale verdrag aan die staatkundige liggaam (dit is die algemene wil) 'n absolute beskikkingsmag oor al sy lede gee (Rousseau 1975:347). Aangesien die selfstandige en outonome individue van die oorspronklike natuurtoestand ná die verdrag onafskeibare *dele* word van die kollektiewe *geheel* wat daaruit na vore tree, kan die enkeling slegs vry wees deur die volkswil te gehoorsaam – wat veronderstel is om die eie wil van die individu te wees.⁹ Daarom kan die meerderheid die minderheid *dwing* om vry te wees!¹⁰ Rousseau verdedig dus ten slotte inhoudelik (“materieel”) ook 'n *magstaatsteorie*, want aan die bevoegheid van die algemene wil is geen *grense* gestel nie. “Elkeen van ons plaas onself en al ons mag kollektief onder die finale leiding van die algemene wil (*volonté générale*), en ons ontvang elke lid as 'n onafskeibare deel van die geheel” (1975:244; vgl. 253).¹¹ Immanuel Kant (1724-1801), die groot Verligtingsfilosoof uit Duitsland, kontinueer bloot die erfenis van Rousseau.¹²

In die volgende fase van die ontwikkeling van die moderne regstaatsidee (denkers soos Stahl, Bahr en Gneist uit die 19de eeu) word ruimte gelaat vir alternatiewe (nie-politieke) *doeleindes* – solank dit slegs geskied binne die *formele begrensing van die reg*. Die uiteindelijke uitholling van die moderne regstaatsidee word egter aangetref in die algemene regsleer wat deur Han Kelsen ontwikkel is. Hy is 'n 20ste eeuse regsgeleerde uit die neo-Kantiaanse Marburgskool. In sy leerstuk van *regsoewereiniteit* los hy die staat volledig op in 'n funksionele kompleks van *regsnorme*. Hy struktureer sy siening sodanig op 'n formele wyse dat dit van elke normatiewe appèl gestroop is. Dit stel hom in staat om selfs 'n absolutistiese diktatuur formeel as 'n *regstaat* te waardeer. In sy *Allgemeine Staatslehre* stel hy immers dat vanuit 'n streng positivistiese perspektief, wat elke vorm van natuurreg uitsluit, elke staat in 'n formele sin eintlik 'n *regstaat* is in soverre elke staat 'n dwangordening van menslike handeling is. Hy ag hierdie begrip van die *regstaat* as identiek met die staat en met die reg (Kelsen 1925:35).

⁸ In 'n absolutistiese staat is daar geen *politieke vryhede* nie terwyl 'n *totalitêre staat* geen *burgervryhede* en *samelewingsvryhede* eerbiedig nie – dit misken m.a.w. alle nie-staatlike vryhede.

⁹ Vryheid omskryf Rousseau tewens as gehoorsaamheid aan dié wet wat die mens vir sigself stel (Rousseau 1975:247).

¹⁰ “... ce qui ne signifie autre chose sinon qu'on le forcera à être libre” (Rousseau 1975:246).

¹¹ Mekkes is daarom korrek wanneer hy opmerk dat saam met die kulminasiepunt van die humanisties-demokratiese vryheidsideaal tegelyk sy diepste val gegee is (Mekkes 1940:315).

¹² Hy omskryf 'n staat (*civitas*) tewens as “die vereniging van 'n versameling mense onder juridiese wette” (Kant 1971-B:195). Omdat geen mens homself of haarself sal benadeel nie (*volenti non fit iniuria*), kan slegs die instemming tot die verenigde wil van almal wetgewend wees.





DIE REGSTAAT

Die onderskeidinge wat benodig word om die aard van 'n regstaat te verantwoord vorm 'n struikelblok beide vir 'n individualistiese (atomistiese) en 'n universalistiese (holistiese) siening van die menslike samelewing – eenvoudig omdat hierdie teoretiese benaderings nie uitgaan van 'n werklikheidsiening wat dit moontlik maak om te kom tot die erkenning van 'n veelheid nie-staatlike samelewingsvorme ooreenkomstig hul aard-eie struktuurbeginsels nie.¹³ Die holistiese skema van 'n geheel met sy dele, wat onder andere die denke van Plato, Aristoteles en Thomas Aquinas domineer, kan nie gebruik word om rekenskap te gee van die struktuurverskille waarop hier gesinspeel word nie. Dít wat immers *deel* vorm van 'n groter omvattende *geheel* weerspieël ten minste in die *deel-wees* eienskap daarvan dieselfde struktuurbeginsel as die geheel (by Plato en Aristoteles die staat en by Thomas Aquinas die kerk). Net so loop die atomistiese verdragsleer van moderne staatsteorieë eweseer uit op 'n siening wat aan die *algemene wil* (volkswil) 'n onbegrensde bevoegdheid toeken.

Aan die begin van die 17de eeu het die Duitse regsgeleerde, Johannes Althusius, vir die eerste keer ingesien dat menslike samelewingsvorme (kerke en gesinne) nie dele van die staat is nie – dit kan slegs van provinsies en munisipaliteite gesê word. Hy praat tewens van *behoorlike wette* (*leges propriae*) waarvolgens elke assosiasie bestuur word en wat al na gelang die aard van dergelike assosiasies verskil. “Proper laws (*leges propriae*) are those enactments by which particular associations are ruled. They differ in each species of association according to the nature each requires” (Althusius soos vertaal in Carney 1965:16).

Hierdie siening dien as aanknopingspunt vir die Nederlandse staatsman, Groen van Prinsterer, wat begin verwys het na die eie-aard van samelewingsvorme met gebruikmaking van die uitdrukking *soewereiniteit in eie kring*. Later is dieselfde frase deur Kuyper benut – en ook van toepassing gemaak op verskillende kringsoewereine samelewingsvorme. Daarna het die Nederlandse regsgeleerde en filosoof, Herman Dooyeweerd, die betekenis van hierdie beginsel van soewereiniteit in eie kring uitgebrei deur dit tot die hoeksteen van sy nie-reduksionistiese siening van die werklikheid te maak (vgl. Dooyeweerd 1997).¹⁴

Dit wat normaalweg as die “publieke lewe” aangedui word, moet in verband met die aard van die staat as *publieke regsverband* verstaan word en ook verbind word met die aard van die *burgerlike privaatreg* (siviele reg) wat die individuele vryheid van persone binne die gedifferensieerde regsverkeer van 'n samelewing moet beskerm. Die stempelende en leidinggewende rol van die *juridiese* funksie van die staat verteenwoordig allereers die (kringsoewereine) regsaspek van die werklikheid wat die staat kwalifiseer tot 'n *regsverband* – waar 'n verband sowel 'n duursame relasie van bowe- en onderskikking as 'n solidêre eenheidskarakter besit.¹⁵ Ter onderskeiding van verbande en gemeenskappe ontbreek beide

¹³ Die uiterstes van atomisme en holisme onderlê die klassiek-liberale staatsidee van Locke en uiteenlopende sosialistiese benaderings gedurende die 19de en 20ste eeue. Ons fokus op die regstaat en die onderliggende idee van 'n *gedifferensieerde samelewing* impliseer dat 'n bespreking van die liberalisme en sosialisme buite die bestek van hierdie artikel val.

¹⁴ Rawls erken hierdie beginsel op sy eie manier: “Indeed, it seems natural to suppose that the distinctive character and autonomy of the various elements of society requires that, within some sphere, they act from their own principles designed to fit their peculiar nature” (Rawls 1996:262).

¹⁵ Dit betref dus die verhouding van owerheid en onderdaan asook die gegewe dat 'n staat voortbestaan ongeag die wisseling van owerheidspersone of onderdane. Ter onderskeiding van verbande besit gemeenskappe slegs een van hierdie twee eienskappe – óf 'n permanente gesagstruktuur, óf 'n solidêre eenheidskarakter (bv. die huwelik, familie en volk – vgl. Strauss 2006:244 e.v.).





eenskappe by *maatskapsverhoudinge*. Maatskapsverhoudinge word normaalweg verbind aan verskynsels van *vriendskap*, *vennootskap*, *metgesel*, *maat*, *eweknie* en die keuse waaroor die mens beskik om *vrylik te assosieer* op basis van 'n toerekenbare wil. Nogtans betref maatskapsverhoudinge nie slegs relasies tussen *individue* nie, want ook gemeenskappe en verbande staan onderling in (neweskikkende) maatskapsverhoudinge tot mekaar.

Waar die publieke reg van die staat 'n tipiese *verbandsreg* is, vertoon die siviele reg (die burgerlike privaatreë) 'n *maatskapskarakter*. Beide hierdie regsfeer is juridies gestempel, maar in onderskeiding van die bowe- en onderskikkende aard van die owerheid-onderdaan relasie is siviele regsverhoudinge neweskikkend, op voet van gelykheid – naas of selfs teenoor mekaar. Ter onderskeiding van die burgerlike privaatreë ken 'n gedifferensieerde samelewing ook 'n verskeidenheid nie-staatlike samelewingsvorme – elk met 'n eie interne nie-staatlike regsfeer (byvoorbeeld die interne reg van die huwelik, die interne kerkreg, bedryfsreg, universiteitsreg, en so meer). Hierdie sfeer omvat die interne reg van die nie-staatlike lewensvorme en tesame konstitueer dit die domein van die *nie-burgerlike privaatreë*.

Teen hierdie agtergrond kan ons nou 'n saaklike tipering van die aard van 'n *regstaat* gee. 'n Regstaat is 'n staat waarin die volgende regsfeer geborg en beskerm word: (i) *publiekregtelike vryhede*,¹⁶ (ii) *siviele vryhede*¹⁷ en (iii) *samelewingsvryhede*.¹⁸

Die aard van 'n regstaat in hierdie sin veronderstel dus 'n gedifferensieerde samelewing waarin die gemelde regsfeer geborg is. Tegelyk verg die aard van 'n regstaat dat die owerheid van so 'n staat ewewig en harmonie in die veelheid regsbelange op die territorium daarvan handhaaf en telkens *regsherstel* bewerkstellig wanneer daar *regskending* plaasgevind het. Dit geskied deurdat die drie sentrale *owerheidsfunksies*, naamlik die wetgewende, regsprekende en uitvoerende gesag, duidelik onderskei word, selfs al sou dit deur dieselfde orgaan uitgevoer word. Uit hoofde van die eenheid en ondeelbaarheid van owerheidsgesag moet die sogenaamde *trias politica* leer van De Montesquieu nie gesien word asof daar drie owerhede in 'n staat is nie.¹⁹

Die bedryf as lewensvorm behoort tot die sfeer van die *nie-burgerlike privaatreë* – en dit beskik gevolglik oor regsbelange wat deur die owerheid beskerm moet word. Wat bekend staan as die *vrye mark* is 'n *ekonomiese maatskapsverhouding* waar individue en ekonomiese ondernemings neweskikkend, op voet van gelykheid, met mekaar in interaksie tree.

Die ontstaan van die moderne regstaat vertel egter nog 'n verdere betekenisvolle verhaal, naamlik dat die wêreldgeskiedenis bevestig dat geen natuur-heidense beskawing (tradisionele ongedifferensieerde samelewings), geen kultuurheidense beskawing (soos die Grieks-Romeinse kultuur of die Oosterse kulture), geen oorspronklike Rooms-Katolieke erfenis (vergelyk die

¹⁶ Dit omvat politieke vryhede – publiekregtelike burgervryhede, soos die reg om politieke vergadering, openbare organisasievryheid, die reg tot politieke meningsuiting, die reg om publieke media orent te bring, die reg om te kritiseer, die reg om te protesteer en natuurlik die sluitsteen van politieke vryhede, die aktiewe en passiewe kiesreg (om te kan stem en om verkiesbaar te mag wees).

¹⁷ Die siviele reg dien as borg vir die beskerming van die *persoonlike vryheidsfeer* van elke burger – afgesien van enige samelewingsvorm (verband of gemeenskap) waarin die mens as deel van 'n groter geheel in aanmerking kom. Weliswaar gaan die lewe van geen mens op in enige samelewingsverbintenis nie – die mens kan opeenvolgend 'n verskeidenheid funksies in die samelewing vervul sonder dat die bestaan van so 'n persoon ooit uitputtend deur enigeen van hierdie sosiale rolle omvat kan word. Mens-wees transendeer al hierdie funksies.

¹⁸ Dit betref die interne reg en vryheid van elke nie-staatlike lewensverbintenis.

¹⁹ De Montesquieu het owerheid en onderdaan in-mekaar-getrek. Hy merk teweens op dat die volk in 'n demokrasie in 'n bepaalde sin die monarg en in 'n ander sin die onderdaan is – en dat dit slegs die monarg kan wees indien dit uitdrukking aan sy wil gee. (Hy bespreek dit in Boek II, Hoofstuk II van sy werk uit die jaar 1748 – *Die Gees van die Wette*).





middeleeue), en ook nie die moderne Humanisme (sedert die Renaissance)²⁰ daarin kon slaag om die menslike samelewing sodanig te laat differensieer dat 'n egte regstaat daarin na vore getree het nie. Dit is eers na die Reformasie van die 16de eeu dat daar in die Protestantse lande van weleer – en in hul buite-stigtings – egte regstate ontwikkel het (vergelyk Nederland, Engeland, Duitsland en Frankryk asook Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en (gedeeltelik) Suid-Afrika).

DIE ONTWIKKELINGSPROBLEEM

Hoewel die onderskeie funksionering van die gemelde drie sentrale owerheidsfunksies as 'n belangrike bousteen van 'n demokratiese staat gesien word,²¹ herberg die spreke van 'n *regstaat* 'n meer omvattende perspektief. Streng gesproke dui die demokrasie slegs op 'n geringe, hoewel uiteraard belangrike, onderdeel van die konstitusionele reg van 'n regstaat. Dit betref bloot die konstitusioneel-gefundeerde *proses* waardeur die meerderheid kiesers die bevoegdheid ontvang om 'n owerheid in die amp te plaas. As sodanig sê dit nog niks oor die eise wat deur die publieke verbandsgeregtigheid van die staat aan 'n regverdigde owerheid gestel word nie. Wanneer van die staat as 'n *reg*-staat gepraat word, omvat dit 'n perspektief op die publieke reg, die burgerlike privaatreë asook die nie-burgerlike privaatreë – veel meer word derhalwe daardeur verantwoord as wanneer van 'n demokrasie gepraat word.

Daar sou geargumenteer kon word dat die drie sentrale owerheidsfunksies – wetgewend, regsprekend en uitvoerend – in samehang met die drie gemelde regsfeer – publieke reg, siviele reg en nie-burgerlike privaatreë – toereikend is om 'n gesonde ekonomiese ontwikkeling te onderskraag. Bilimoria (2007) meen bykomend dat *vrye media* ook 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n regstaat is.²² Hierdie siening besef egter nie dat die domein van openbare meningsvryheid deel vorm van die publiekregtelike vryhede wat deur 'n egte burgerstaat (regstaat) gewaarborg word nie. Vanuit hierdie perspektief gesien moet weliswaar toegegee word dat vrye media²³

²⁰ Daarom hoef dit ons nie te verbaas dat die Humanisme gedurende die eerste twee eeue na die Renaissance slegs magstaatsteorieë opgelewer het nie. Die moderne Humanisme beliggaam enersyds die ideaal om die mens volledig outonoom (self-wetgewend) en vry te verklaar. Andersyds het hierdie outonome vryheidstrewes die moderne natuurwetenskappe as instrument beskou met behulp waarvan die ganse werklikheid in die greep van 'n volledig gedetermineerde natuurwetmatige greep gekry kan word. Konsekwent deurgedink bedreig hierdie natuurwetenskapsideaal die vryheid van die mens, want as alles natuurwetmatig gedetermineer is, is ook die mens gereduseer tot fisikaal-kousale *onvryheid*.

²¹ Sien byvoorbeeld Gyatso 2001; Heath 2003; of Katz & Tarr 1996.

²² Sien ook Stiglitz 1997:986; Sundrijo 1999; of *The Modern Rationalist* 2005.

²³ Suid-Afrika is 'n voorbeeld van 'n land met 'n vreemde geskiedenis van onderlinge verwantskap tussen regering en die media. Die Nasionale Party se kabinetsministers het vir baie jare op die direksies van die vernaamste Afrikaanse persgroepe (Nasionale Pers in die destydse Kaapprovinsie en Perskor in die destydse Transvaal) gedien. Terselfdertyd het die redakteurs van die twee groepe se koerante ook hoofraadsvergaderings van die Nasionale Party bygewoon (sien byvoorbeeld Van Rooyen 1976). Hierdie praktyk (wat inderdaad as 'n *tradisie* beskryf is), is onder meer in stand gehou ter wille van "... samewerking tussen Party en Pers" (Van Rooyen 1976:91). Dit was egter eers in 1980, tydens die bewind van Premier (later Staatspresident) P. W. Botha, dat hierdie praktyk beëindig is toe 'n verbod op die hou van direkteurskappe deur kabinetsministers geplaas is. Let terloops daarop dat dit streng gesproke foutief is om van die "regerende party" te praat. Die politieke party is nie 'n inherente staatsorgaan nie en regeer daarom ook nie in 'n staat nie. Dit is bloot 'n konstitusionele bevoegdheid wat aan dié party wat die meeste stemme tydens 'n algemene verkiesing verkry, gegee word om die owerheid van die land (as regeringshoof) in die amp te plaas. Gevolglik vermy ons die geëkte praktyk om van die "regerende party" te praat.





inderdaad 'n belangrike rol kan speel in 'n gedifferensieerde samelewing. Ons verkies egter om van 'n regstaat, eerder as van 'n demokrasie,²⁴ te praat.

Die aard van eiendomsreg is ook opvallend genuanseerd. Enersyds behoort dit tot die ekonomiese vryheid van elke staatsburger of nie-staatlike instansie om op voet van gelykheid handelstransaksies (waarby eiendomsverwerwing ingesluit is) aan te gaan. Die staatlike *beskerming* van die eiendom van 'n persoon of instansie verteenwoordig egter 'n publieke regsbelang wat saam met die liggaamlike integriteit van die mens beskerm moet word. Eiendomsreg hang dus saam met die aard van konstitusionele borge vir politieke vryheid en privaatsbesit (sien ook Nafziger 1990; of Rossouw 2007).

Erkenning moet ook verleen word aan die belangrike rol van kwasi-outonome nie-regeringsinstellings (sogenaamde *quangos*²⁵ in samelewings wat as “demokrasieë” bekend staan (sien byvoorbeeld Vibert 2007)) – ons gaan egter nie verder op hierdie verskynsel in nie.

Teen die agtergrond van wat oor die aard van 'n regstaat gesê is, lig ons vervolgens die aard van ontwikkelende lande kortliks toe en beskryf daarna verskillende denkrigtings ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Voordat ons gevolgtrekkings formuleer, word gelet op die vraag of die onderliggende beginsels van 'n regstaat 'n belangrike rol in ontwikkelende lande kan speel, onder meer in die lig van verskillende ontwikkelingsteorieë.

'N KORT OORSIG OOR DIE AARD VAN ONTWIKKELENDE SAMELEWINGS

Grossman (1974:179) het in die sewentigerjare verklaar dat baie lande ter wêreld “... face the real economic problem – how to make do with scanty resources and how to increase them at a pace that is not intolerably slow”. Dieselfde probleem staar vandag, meer as dertig jaar later, steeds arm lande in die gesig. Jha (2003:387) se opsomming van die uitdaging vir ontwikkelende lande kan saamgevat word as “(s)urely one of the most important tasks before developing countries is to achieve higher rates of economic growth”. Hoewel die tegniese definisies van *ekonomiese*

²⁴ Brittan is van mening dat “(t)he simplest definition of democracy is decision by voting. The more sensible propagators of democratic slogans are aware of the dangers of oppression of minorities or the havoc that can be wrought by ill-informed public opinion. From here there are two ways to go. You can say that true democracy involves far more than voting in nationwide elections; or you can stick with the simple definition, and accept that democracy is just a particular decision rule” (2007:32). Ons het reeds opgemerk dat die *plasing* van die owerheid in die owerheidsamp 'n meerderheidstem verg – maar dat dit as sodanig geen substituut kan wees vir die regeertaak van die owerheid nie. Wat normaalweg aangedui word as die “wigte en teëwigte” wat nodig is om te verseker dat verkiesings vry en regverdig is en dat die owerheid in reg en geregtigheid sy regshandhawingstaak volvoer, appelleer ten diepste op die wyse waarop die grondwet uitdrukking gee en beskerming verleen aan die regsferie wat op 'n uniek-onderskeidende wyse die aard van 'n regstaat bepaal en begrens. Die beginsels wat die publieke verbandsreg van die staat begelei is nie die produk van 'n meerderheidstem nie – elke meerderheidstem *veronderstel* immers die staat as regsverband asook die veelheid nie-staatlike lewensvorme wat die veelheid regsbelange oplewer wat deur die owerheid in ewewig en harmonie gehou moet word – insluitende ekonomiese regte en vryhede. Wat normaalweg as 'n *verteenwoordigende demokrasie* bekend staan (sien byvoorbeeld *Britannica Student Encyclopedia*, 2007) fokus slegs op die eis van algemene kiesreg en verantwoord gevolglik geensins die genuanseerde veelkantigheid van 'n egte regstaat nie.

²⁵ 'n *Quango* word gedefinieer as “... a semi-public administrative body outside the civil service but receiving financial support from the government, which makes senior appointments to it. (It is an) ... acronym from quasi non-governmental organisation” (Soanes & Stevenson 2004:1174) en word normaalweg in 'n negatiewe konteks gebruik. 'n Voorbeeld van 'n quango is 'n openbare uitsaai korporasie.





groeï en ekonomiese ontwikkeling verskil, gebruik hierdie artikel die twee gemelde begrippe asof dit dieselfde betekenis het. Nadziger (1990:8-9) verduidelik dat

(e)conomic growth refers to increases in a country's production or income per capita ... usually measured by gross national product (GNP).²⁶ Economic development refers to economic growth accompanied by changes in output distribution and economic structure.²⁷

Volgens Heilbroner (1975:239) was die benadering "(o)nly a half-century ago²⁸ ... to attribute their ... (i.e. developing countries') ... backwardness to geographic or climatic causes", maar toon dan aan dat hierdie sienings reeds teen 1975 nie langer steun geniet het nie. Moderne benaderings tot ekonomiese ontwikkeling beklemtoon "... measures aimed at achieving industrial development, agricultural development and human development" (Mohr & Fourie 2005). Stiglitz (1997:981) meld dat faktore soos 'n gebrek aan infrastruktuurbeleggings, onvoldoende onderrig en opleiding, verouderde tegnologie, wanfunksionerende kapitaalmarkte, ongelyke inkomeverdeling en oordrewe owerheidsinmenging nadelig inwerk op die effektiewe toedeling van hulpbronne en gevolglik tot armoede en onderontwikkeling bydra (sien ook McAleese 2004). Beinhocker (2007:481 tot 483) beklemtoon onder meer die rol van kultuur en verskillende tydsbegrippe tussen kulture as faktore wat 'n rol in die tempo van ekonomiese groei en ontwikkeling speel. Ten einde debat uit te lok, vra Harford (2007:12) die omstrede vraag

(p)erhaps – I am speculating wildly – human societies have some hard-wired tolerance for inequality? But one conclusion is less speculative. It is no coincidence that richer societies are less exploitative of their own citizens ... than poorer ones. That is because severe exploitation guarantees poverty.

Juis die perpetuering van armoede het tot gevolg dat die probleem van onbevredigende ekonomiese ontwikkeling en alternatiewe voorstelle om armoede te verlig, wye aandag ontvang.²⁹ Tabel 1 toon dat sekere wêrelddele meer suksesvol as ander was in die verligting van armoede sedert 1970, wat tot die sentrale vraag lei: watter faktore kan tot die perpetuering van armoede bydra?

Dieselfde faktore wat ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling beperk, dra by tot die perpetuering van armoede. Dit word onder meer bevestig deur Mbaku en Kimenyi (1997:129) se gevolgtrekking dat

²⁶ GNP is die afkorting van *gross national product*, waarvan die Afrikaanse vertaling bruto nasionale produk (BNP) is. Dit is die maatstaf waarmee die uitset van die produksiefaktore van 'n land gemeet word, ongeag of dit binnelands of buitelands plaasvind, en is verwant aan die bruto binnelandse produk (BBP), waarvan die Engelse vertaling *gross domestic product (GDP)* is. Laasgenoemde is die maatstaf waarmee die waarde van produksie vir 'n gegewe tydperk binne die geografiese grense van 'n bepaalde land gemeet word. In die praktyk is lande se BBP en BNP normaalweg baie naby aan mekaar en die ekonomiese literatuur gebruik dikwels hierdie terminologie asof dit presies dieselfde betekenis het.

²⁷ Volgens Nafziger (1990:8-9) kan hierdie veranderings faktore insluit soos "... an improvement in the material well-being of the poorer half of the population; a decline in agriculture's share of GNP and a corresponding increase in the GNP share of manufacturing, finance, construction and government administration; an increase in the education and skills of the labor force; and substantial technical advances originating within the country".

²⁸ Heilbroner (1975) het hierdie stelling sowat 30 jaar gelede gemaak, wat impliseer dat hy na die twintigerjare van die vorige eeu verwys.

²⁹ sien byvoorbeeld Agénor en Montiel 1996; Anyanwu 2006:43; Bedford-Strohm 2006; Beinhocker 2007; Epstein 2002; Michie 2006; Rossouw 2007; Rossouw & Fourie 2007; of Stiglitz 1997.



TABEL 1: Persentasie van die bevolking wat op minder as VSS1 per dag* oorleef, 1970 tot 2000

Wêrelddeel	1970	1980	1990	2000
Latyns-Amerika	39,9	35,7	36,0	34,7
Oos-Asië	42,3	39,1	32,3	33,9
Suid-Asië	41,9	41,3	36,8	26,8
Afrika**	48,6	48,6	51,2	51,2
Oos- en Sentraal-Europa	41,3	15,3	18,0	23,0

* VSS1 bereken teen koopkragpariteitswisselkoerse wat in 1993 geheers het. Sien byvoorbeeld Ahmad (2003) se beskrywing van die berekening van koopkragpariteitswisselkoerse.

** Binne die Afrika-kontinent verwys Sachs (2007:18) na sub-Sahara Afrika as "... the earth's poverty hot spot...".

Bronne: aangepas uit Dikhanov (2005); sien ook Anyanwu (2006).

there is a positive relationship between political freedom and economic growth. Societies that choose politically more open governmental systems offer their economies a much more enabling environment for growth. The failure for policymakers to understand that political freedom and economic growth are compatible could cause them to continue to pursue repressive policies in the hope of achieving rapid economic growth.

Implisiet bevestig hierdie gevolgtrekking die onverbreeklike samehang tussen die plek van beide 'n regstaat en 'n bedryf binne 'n gedifferensieerde samelewing, hoewel daar verskil van mening is oor die navorsingsbevindings van Mbaku en Kimenyi (1997:129).³⁰ Soms word ekonomiese groei en politieke vryheid in 'n skynbaar onontwykbare sirkel geplaas: lei ekonomiese groei tot politieke vryheid, of lei politieke vryheid tot ekonomiese groei? (sien byvoorbeeld Henckelman 2000). Daar is egter wel 'n derde moontlikheid, naamlik die gemelde onverbreeklike samehang wat in 'n gedifferensieerde samelewing tussen die aard van 'n regstaat en die aard van die bedryf en ekonomiese verhoudinge bestaan. 'n Gesonde ekonomie ondersteun die regshandwingstaak van die staatlike owerheid terwyl die regsbeskerming wat 'n owerheid aan die ekonomiese regsbelange van individue en ondernemings bied, onmisbare voorwaardes is vir 'n vrye mark en vir ekonomiese groei.

EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTEORIEË³¹

Ekonomiese ontwikkelingsteorieë verskil uiteraard oor die oplossing van armoedeprobleme wat oor 'n lang tyd ontstaan het (sien byvoorbeeld McAleese 2004:5). Denkskole soos die volgende word onderskei: die liniêre-groefases denkskool (*linear-stages growth model*), die neo-Marxistiese denkskool (ook bekend as die *dependency theory*), die ortodokse denkskool (ook

³⁰ Waar ondersteuning vir hierdie siening gevind word by byvoorbeeld Grier en Tallock (1989); Rossouw (2007); Scully (1988); Sen (1999); en Thompson & Thompson (2000), huldig Li & Xu (2007) 'n teëgestelde oortuiging.

³¹ Sekere dele van hierdie afdeling is op Rossouw (2007) en Rossouw & Fourie (2007) gebaseer.



bekend as die liberale, tradisionele of monetaristiese denkskole) en die strukturele denkskool.³² Die oogmerk van hierdie denkskole is om die vinnigste verligting van armoede en 'n meer gelyke verdeling van inkome en welvaart te verseker. Bedford-Strohm (2006:14) beskryf hierdie uitdaging as “(a)fter the lifting of the Iron curtain between East and West, it is the great challenge of our time, now, to lift the Golden curtain which separates us in the North from the people in the South”, terwyl Rossouw (2007) hierna verwys as 'n goue gordyn wat moet wegsmelt.

Volgens die liniêre-groefases denkskool, wat in die 1950s en 1960s ontstaan het, moet 'n land wat wil transformeer van 'n arm landbouland tot 'n moderne geïndustrialiseerde land eenvoudig die verskillende ekonomiese ontwikkelingsfases en groeipatrone van ontwikkelde lande naboots (Moloto 2005:34). Die teoretiese tekortkominge van hierdie denkskool, byvoorbeeld die beperking wat lae kapitaalvorming op beleggings plaas, word vandag erken (Moloto 2005:35). In die onlangse literatuur geniet hierdie skool nie wye steun ten opsigte van die oplossing van armoede nie.

Die neo-Marxistiese denkskool van die 1960s en 1970s is gebaseer op die uitgangspunt dat ontwikkelde lande op 'n permanente basis arm en ontwikkelende lande (en spesifiek die werkers in daardie lande) tot hul nadeel eksploiteer – deur grondstowwe teen lae pryse uit arm lande in te voer en na verwerking produkte ten duurste aan daardie lande te verkoop.³³ Nywerheidsontwikkeling kan volgens hierdie denkrigting beswaarlik 'n oogmerk van arm en ontwikkelende lande wees, want kapitaal uit ontwikkelde lande sal net na primêre produksiekapasiteit vloei (Contreras 1999). Die vernaamste kritiek teen die neo-Marxistiese denkrigting is die voorveronderstelling dat arm en ontwikkelende lande van ontwikkelde lande afhanklik is vir ekonomiese ontwikkeling (Contreras 1999). In die jongste literatuur geniet hierdie denkskool tans ook nie wye steun vir die stimulering van ekonomiese ontwikkeling nie.

Dit laat die ortodokse en strukturele denkskole as alternatiewe om oplossings vir armoede en gebrekkige ekonomiese ontwikkeling aan die hand te doen. Die ortodokse denkskool beklemtoon ooreenkomste tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande in die strewe na ekonomiese groei. Volgens die ortodokse denkskool sal vrye plaaslike markte, vrye internasionale handel, streng beheer oor geldskepping en owerheidsuitgawes, en beperkte inmenging deur die owerheid in die ekonomie³⁴ bydra om probleme met ekonomiese groei permanent op te los. Die ortodokse denkskool is verwant aan “(c)lassical or neo-classical economics ... concerned primarily with the efficient and cost effective allocation of scarce resources and with the optimal growth of those resources over time” (Contreras 1999) en beskou die vrye mark as 'n hoeksteen vir die oplossing van groeiprobleme.³⁵

In teenstelling hiermee beklemtoon die strukturele denkskool “... the mechanism by which underdeveloped economies transform their domestic economies from a traditional subsistence agricultural base into a modern economy” (Contreras 1999). Volgens die strukturele denkskool kan die markmeganisme soos deur die ortodokse denkskool gepropageer word, nie die probleme van ontwikkelende lande die hoof bied nie. In hierdie konteks verklaar Odekon (2006:x) dat

³² Sien byvoorbeeld Agenor & Montiel 1996:13; Contreras 1999; Jha 2003; of Shahzad, [S.a.].

³³ Suid-Afrika was lank die slagoffer van 'n soortgelyke koloniale praktyk. Gevolglik het sekondêre nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika eers ná die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind.

³⁴ Sien byvoorbeeld Agenor & Montiel, 1996:13; Shahzad, [S.a.].

³⁵ Die ortodokse siening staan binne die dampkring van die Konsensus van Washington (*Washington Consensus*) (sien byvoorbeeld Niam 1999; Rossouw 2007 of Williamson 2002 vir 'n bespreking van hierdie Konsensus).





(c)onventional fiscal, monetary and industrial policies ... have either completely failed or have been of limited success in combating poverty. Structural rigidities in the economy, political factors, and the inadequacy of the policies themselves have contributed to their failure to meet their objectives.

'n Literatuuroorsig toon dat die ortodokse en strukturele denkskole ooreenstem oor sekere redes wat sukses met pogings om armoede te bekamp, aan bande lê. Sahn en Younger (2004:187) wys op halfhartige hervormings deur regerings, eksogene skokke soos droogtes, institusionele beperkings, en probleme met onderwys en gesondheidsorg in ontwikkelende lande. Mlambo en Oshikoya (2001:43) meld dat

(l)arge and external shocks also explain Africa's high degree of macroeconomic variability, especially the volatility of the terms of trade that is reflected in the volatility of real GDP growth and the real exchange rate.

Wat ook beklemtoon word in die literatuur is dat politieke stabiliteit en finansiële instellings wat besparing na belegging kanaliseer, noodsaaklik is vir ekonomiese ontwikkeling.³⁶ Agénor en Montiel (1996:15) gee 'n gepaste opsomming van die ortodokse en strukturele debat met hul stelling dat "(m)acroeconomic reality in the developing world indeed combines features of both".

Hierdie gevolgtrekking van Agénor en Montiel (1996) is van pas in die lig van die ontleding van ontwikkelende lande en word ook bevestig deur die Barcelona Konsensus (*Barcelona Consensus*), wat op internasionale ontwikkelingsprobleme, toenemende armoede en probleme met globalisering konsentreer (Forum Barcelona 2004). Die Konsensus erken dat probleme met ondemokratiese regerings, die afwesigheid van 'n regstaat en privaat eiendomsreg, asook botsings tussen die belange van inwoners en die regering wat uitsluitlik tot voordeel van politieke of sektorale belange geskik word, ekonomiese ontwikkeling in arm lande aan bande lê (Forum Barcelona 2004).³⁷ Die gevolgtrekking is dat ontwikkelende lande gesonde finansiële, monetêre en fiskale beleidsmaatreëls moet toepas en buitelandse skuld oordeelkundig bestuur, sonder dat rigiede beleidsmaatreëls op hierdie lande afdwing word (Forum Barcelona 2004). Kose et al. (2003:138) beskryf die ontwikkelingsuitdaging as "... developing countries perhaps would need to implement sound macroeconomic and structural frameworks". Ontwikkelende lande kan dus nie van ekonomiese wetmatighede of gesonde beleid ontsnap in hul soeke na vinniger ekonomiese groei nie. Grossman (1974:179) sê egter in hierdie verband dat

it behooves us little to insist that the underdeveloped country copy our own ... (i.e. western countries') ... institutions of industrial capitalism as closely as possible when their conditions and values are usually radically different to those we encountered and espoused in the nineteenth century.

Die ontleding in Tabel 1 hierbo toon dat sekere wêrelddele oor 'n tydperk van 30 jaar (vanaf 1970 tot 2000) merkwaardige vordering met die uitwissing van armoede getoon het, terwyl lewenstandaarde in sekere ander wêrelddele oor dieselfde tydperk grootliks gestagneer of selfs agteruitgegaan het. Die ooglopende gevolgtrekking is dat dit 'n oorvereenvoudiging van ontwikkelingsuitdagings sal wees om hierdie verskillende prestasies van lande bloot aan

³⁶ Sien byvoorbeeld Jha (2003:387-393); Mlambo & Oshikoya (2001:40-42); Page (2006:538); Prasad et al., (2003:58); of Servén (1998:24).

³⁷ Sien byvoorbeeld ook Harford (2006:201); Parkin (2000:48); Rossouw (2007:268-269); of Stiglitz (1997:33).





ontwikkelingsteorieë toe te skryf. Ander faktore as verskillende benaderings tot ekonomiese groei en ontwikkeling moes 'n rol gespeel het.

Die debat tussen hierdie denkskole is baie pertinent in Suid-Afrika, waar ernstige vrae geopper word met betrekking tot beleidstoepassing ter bekampings van armoede. Kortom: sal 'n markgerigte of 'n sosialistiese ekonomiese beleid tot die vinniger bekampings van armoede bydra?

BEGINSELS VAN 'N REGSTAAT IN ONTWIKKELENDE LANDE

In die ontleding van ontwikkelende lande en hul pogings om armoede die hoof te bied, is dit opvallend dat diktatorskappe en ander vorms van onverteengewordige regering³⁸ dikwels 'n sentrale kenmerk van hierdie lande is (sien byvoorbeeld Hogendorn 1987:486-487). Die belangrike rol van die demokratiese proses in enige land is te vinde in " ... the ability to elect – and remove – one's leaders ..." (Puddington 2007). Volgens Puddington het 123 lande teen 2006 vorme van demokratiese regering gehad.

Met verwysing na faktore wat tot die perpetuering van armoede bydra (en spesifiek in Afrika soos in Tabel 1 aangedui), is Sachs (2007:18) van mening dat " ... the core problem in Africa is not corruption but the lack of basic infrastructure and services. Like all poor regions (and rich nations like the U.S.), Africa has its corruption problems, but they do not explain its distinctively poor performance". Sachs en Warner (1997:335) is van mening dat daar, in vergelyking met ander lande, geen behoefte aan 'n "spesiale" groeiteorie vir Afrika is nie.

Anyanwu (2006:59) skryf voortgesette armoede in Afrikalande toe aan onvoldoende buitelandse beleggings, en sê dat beleggings onder meer ontmoedig word deur onvoldoende mobilisering van plaaslike hulpbronne, makroekonomiese onstabieleit wat beleggingsonsekerheid verhoog, onvoldoende bestuursverantwoordelikeit (*governance*) en korrupsie.

Harford (2006:200) kom tot die gevolgtrekking dat " ... kleptocracy³⁹ at the top stunts the growth of poor countries". Sachs en Warner (1007:335) sê dat "(m)any African specialists emphasise Africa's colonial history, its ethnic and tribal divisions, and its climate and geography in explaining Africa's slow growth during the past 30 years".⁴⁰ Khoza (2007:5) voer die argument verder deur te sê dat

(w)e see a people who have perfected the art of blame. They blame colonialism, they blame imperialism, they blame apartheid, they blame globalisation, they blame nature, they blame God. This is a victim mentality ... Regrettably, this condition has been used to describe Africa

³⁸ Navorsing wat in 2006 voltooi is, toon dat 90 lande se inwoners vry van onderdrukking was, 58 lande se inwoners het gedeeltelike vryheid geniet, en die inwoners van 45 lande het nie vryheid geniet nie (Freedom House 2007; sien byvoorbeeld ook International Center for Peace and Development, [S.a.]) Hierdie navorsing beskryf die vryheid van inwoners as die "... opportunity to act spontaneously in a variety of fields outside the control of the government and other centres of political domination ..." (Freedom House 2007). Die navorsing beoordeel vryheid aan die hand van politieke en burgerregte en huldig die standpunt dat "... freedom for all peoples is best achieved in liberal democratic societies" (Freedom House 2007), 'n standpunt wat onderskryf kan word gedagtig aan die wyse waarop 'n regstaat hierbo omskryf is.

³⁹ Soanes en Stevenson (2004:786) omskryf hierdie regeringsvorm as een met "... a ruler ... (i.e. a kleptocrat) ... who uses their power to steal their country's resources".

⁴⁰ Volgens Sachs en Warner (1997:335) is kolonialisme en etniese verskille nie *per se* die verklaring vir onbevredigende groei nie, maar dra dit waarskynlik by tot swak ekonomiese beleidskeuses deur arm lande.





– a victim of the elements, a surrogate of external powers, unable to provide for basic needs, incapable of upholding basic human rights and incapable of dealing with other nations as equals. Compare this victim mentality, if you will, to the mindsets of other nation states.

Anyanwu (2006:63) doen maatreëls aan die hand om beleggings in ontwikkelende lande, spesifiek in Afrika, aan te moedig. Hierdie maatreëls sluit in “improvements in governance systems ... (and) ... Governments should be accountable for their actions, allow the rule of law to prevail as well as respect private property rights”. Sachs en Warner (1997:360) bevind dat die ekonomiese groeikoers versnel en armoede vinniger verlig word in lande met “... openness to international trade, government saving and market-supporting institutions ...”. Sonn (2007:19) beskryf in hierdie verband die ekonomiese uitdaging wat die Suid-Afrikaanse staatshoof in die gesig staar as:

(m)iskien die moeilikste teenstrydighede van Mbeki se bewind – wat seer sekerlik ook op ’n volgende ANC leier wag – is juis om by wyse van ekonomiese groei ’n hoofsaaklik wit middelklas gerus te stel en nog welvarender te maak (wel wetende dat hulle nie vir hom stem nie), en om met verdrag die produk van hierdie rykdom aan te wend om diegene wat wel vir hom stem, ter wille te wees.

Sonn (2007:19) stel duidelik die punt dat volgehoue ekonomiese groei wat tot die uitbreiding van die belastingbasis bydra, die aangewese weg vir herverdeling van welvaart tot voordeel van die armes is. Hierteenoor staan die alternatief van ’n stelsel van gedwonge herverdeling, byvoorbeeld deur die miskenning van eiendomsregte, wat dikwels net tot voordeel van kleptokrate toegepas word.

Teen hierdie agtergrond is die vraag dus watter institusionele gesagstrukture ekonomiese groei bevorder, en watter institusionele strukture dit belemmer? Word groei belemmer deur die wetgewing wat onregmatig inneng in die ekonomiese sektor? Bestaan daar ’n onvermoë by die uitvoerende gesag om effektief regsbeskermend op te tree ten opsigte van die ekonomiese regsbelange van individue en ondernemings? Bestaan daar tekortkominge by die regsprekende gesag ten opsigte van ’n regverdige wetstoepassing? Maak die owerheidspersoon hom-/haarself skuldig aan eiegregtige praktyke?⁴¹ Of word die skeidslyne tussen party en regering eenvoudig genegeer? In hierdie verband meld Du Preez (2007:5) tereg dat die staat se belange met dié van die party wat die verskiesing gewen het, verwar kan word.

Die keersy van die argument word weliswaar ook na vore gebring: “... if the system of capitalism works well, a country that pursues a democratic system of governance cannot continue to remain poor for long” (Elahi & Danopolous, 2004:9), want demokrasie dien as “... the only system of governance of the non-communist state that can guarantee peaceful and long term functioning of the capitalist economy” (Elahi & Danopolous, 2004:10). Die (demokratiese) regstaat ondersteun private eiendomsreg en die toepassing van die daarmee samehangende regsbeginsels. Rodrich (2003:10) se gevolgtrekking is dat “(i)nstitutions that provide dependable property rights, manage conflict, maintain law and order, and align economic incentives with social cost and benefits are the foundations of long-term growth”. Die implikasie is gevolglik dat owerheidsoptrede wat die institusionele struktuur van ’n land aan bande lê, ook ekonomiese groei aan bande lê.

⁴¹ Hoewel staatshoofde dikwels deur ’n demokratiese prosedure in die owerheidsamp land, gebeur dit soms daarna dat hulle optree asof hulle nog konings is – gedagtig aan die segswyse uit die Britse konstitusionele geskiedenis: “A King can do no wrong”.





GEVOLGTREKKINGS

Hoewel die behandelde ekonomiese ontwikkelingsteorieë nie hul blik verruim het deur na ontwikkelende samelewings vanuit die perspektief van 'n gedifferensieerde samelewing te kyk nie, dui die veelvuldige probleme wat deur hierdie teorieë geïdentifiseer is op 'n implisiete besef van die eise wat deur gedifferensieerde samelewingsverantwoordelikhede op die skouers van elke gedifferensieerde sfeer van so 'n samelewing geplaas word.

Opvallend is dat die erfenis van gedifferensieerde samelewings as 'n "sout" en "suurdeeg" inwerk op ontwikkelende samelewings wat hulle as 't ware "optrek" teen die leer van 'n gedifferensieerde veelheid van selfstandige en eie-gearde samelewingsvorme. Selfs 'n totalitêre kolos soos China moes sigself blootstel aan die maatskapstruktuur van die vrye mark om groei na binne te stimuleer – hoeseer die Chinese samelewing origens gebuk gaan onder staatspratyke wat in stryd is met die eise van 'n regstaat.

Beskawingsontwikkeling word steeds gemanifesteer in sinvol-uitdyende samelewings-differensiasie – 'n proses wat in die Westerse beskawingsgeskiedenis gelei het tot onderskeie lewensfere wat toenemend 'n eie selfstandigheid en mondigheid bereik het. 'n Sodanige proses van samelewingsdifferensiasie open 'n perspektief wat beide die grense van die staat en die ekonomiese orde van 'n samelewing oorskry. Tegelyk bied dit egter 'n raamwerk waarbinne die samehang en wedersydse bevrugting van ekonomiese ondernemerskap en ekonomiese groei enersyds en die kondisies wat andersyds deur 'n egte regstaat geskep word, waardeer kan word. Die oorgang van 'n ruil-ekonomie wat gekenmerk word deur 'n afwesigheid van *ekonomiese vertroue* na 'n geld-ekonomie (wat juis berus op ekonomiese vertroue – vgl. die aard van *krediet*) hang saam met meer as die blote ontsluiting van ekonomiese praktyke, want dit geskied altyd in samehang met die ontsluiting van alledaagse denke tot wetenskaplike denke, met die ontsluiting van regstelsels deurdat beginsels van die juridiese moraal beslag kry (verdiepte regsbeginne soos billikheid, goeie trou, skuld, e.s.m.).

Gegewe die interafhanklikheid waarvan hier sprake is, is dit nietemin nie onverantwoord om kategoriees te stel dat die aanwesigheid van 'n regstaat uiteindelik deurslaggewend sal wees vir sinvolle ekonomiese groei en ontwikkeling nie – in samehang met 'n voortgaande differensiasie en ontsluiting van die samelewing as geheel. Die aanwesigheid van tradisionele elemente in Afrikalande, wat sekerlik saamhang met van die probleme wat deur ontwikkelingsteorieë uitgewys is (soos vroeër vermeld), beklemtoon slegs dat die interaksie met gedifferensieerde samelewings (op alle vlakke) 'n positiewe bydrae kan lewer om ook stimulerend in te werk op ekonomiese ontwikkeling en groei. Uiteraard sal dit 'n toegewyde betrokkenheid van lande uit die eerste wêreld verg – ook in terme van beleggings en ander vorme van verantwoorde en gekontroleerde ontwikkelingshulp. In ontwikkelende samelewings behoort owerhede daartoe oor te gaan om as oorgangsmatreël verskeie vorme van nie-staatlike owerheidswerk op hul skouers te neem – help nie-staatlike sfere om hulle eventueel self te help – in algemene beskawingsbelang.

BIBLIOGRAFIE

- Agénor, R-P. & Montiel, P. J. 1996. *Development Macroeconomics*. 1st edition. Princeton: Princeton University Press.
- Ahmad, S. 2003. Purchasing Power Parity (PPP) for international comparison of poverty: Sources and methods. *World Bank Paper*. Washington, DC: World Bank.
- Alexander, J.C. 1990. *Differentiation Theory and Social Change*. (Co-editor Paul Colomy). New York: Columbia University Press.
- Althusius, J. 1603. *Politica methodice digesta* [Collection of Systematic Political Views] (1603, 3rd edition)





- 1614). See also the complete translation: Althusius, J. 1979. *Politica methodice digesta of Johannes Althusius* (Althaus), with an introduction by Carl Joachim Friedrich. New York: Arno Press.
- Anyanwu, J. C. 2006. Promoting investment in Africa. *African Development Review*, 18(1): April.
- Aristotle. 2001. *The Basic Works of Aristotle*. Edited by Richard McKeon with an Introduction by C. D. C. Reeve. (Originally published by Random House in 1941). New York: The Modern Library.
- Bedford-Strohm, H. 2006. *Public theology and the global economy. Ecumenical social thinking between fundamental criticism and reform*. Paper delivered at the David de Villiers Memorial Lecture at the Faculty of Theology, University of Pretoria. 28 August.
- Beinhocker, E. D. 2007. *The origin of wealth – evolution, complexity and the radical remaking of economics*. United Kingdom: Random House Business Books.
- Bilimoria, K. F. (Lord Bilimoria). 2007. *Best In the world, best for the world*. Keynote address at the founding seminar on Markets, Morals and Media: Questions of Ethics in Business/Economic Journalism. Reuters Institute for the Study of Journalism. Oxford. 10 May.
- Britannica Student Encyclopedia*. 2007. History of Democratic Governments. [Online]. <http://www.britannica.com/ebi/article-234173> [Accessed on 1 August 2007].
- Brittan, S. 2007. The devil in democracy. *Ftmagazine*, 28-29 July.
- Carney, S. 1965. *The Politics of Johannes Althusius; an abridged translation of the 3rd ed. of Politica methodice digesta, Atque exemplis sacris et Profanis illustrata / Althusius, Johannes; translated, with an introduction by Frederick S. Carney*. London: Eyre and Spottiswoode.
- Contreras, R. 1999. Competing Theories of Economic Development. In Carrasco, E. R. & Berg, K. R. (eds). *The E-Book on International Finance and Development*. [Online]. C:\Documents and Settings\p I 32209\Desktop\Competing Theories of Economic Development. Htm [Accessed on 31 January 2007].
- Dikhanov, Y. 2005. Trends in global income distribution, 1970 – 2000, and scenarios for 2015. Occasional paper of the *Human Development Report Office*. Washington, DC: World Bank.
- Dooyeweerd, H. 1997. *A New Critique of Theoretical Thought*, Collected Works of Herman Dooyeweerd, A-Series Vols. I-IV. General editor D. F. M. Strauss. Lewiston: Edwin Mellen.
- Du Preez, M. 2007. Intrapslag. *By* (Bylae by Beeld). 18 Augustus.
- Ebenstein, W. 1969. *Great political thinkers: Plato to the present*. 4th edition. New York: W. W. Norton & Company, Inc.
- Elahi, K. & Danopoulos, C. P. 2004. Democracy, Capitalism and Development. *Journal of Security Sector Management*, 2(2): June.
- Epstein, G. 2002. *Employment-Oriented Central Bank Policy in an Integrated World Economy: A Reform Proposal for South Africa*. Working Paper No 39 of the Political Economy Research Institute of the University of Massachusetts. [Online]. <http://www.pen.umass.edu/Publication.236+M573c699e0e3.0.html> [Accessed on 22 August 2006].
- Forum Barcelona. 2004. *The Barcelona Development Agenda*. [Online]. http://www.barcelona2004.org/eng/eventos/dialogos/docs/agenda_eng.pdf [Accessed on 5 May 2006].
- Freedom House. 2007. *Freedom in the world*. [Online]. <http://www.freedomhouse.org/template.cfm?page=1> [Accessed 1 August 2007].
- Grier, K. B. & Tallock, G. 1989. An empirical analysis of cross-national economic growth, 1951-80. *Journal of Monetary Economics*, 24(2): September.
- Grossman, G. 1974. *Economic systems*. 2nd edition. New Jersey: Prentice-Hall.
- Gyatso, T. (Dalai Lama). 2001. Speech of His Holiness to the European Parliament. Brussels. 24 October.
- Harford, T. 2006. *The undercover economist*. UK: Little, Brown.
- Harford, T. 2007. Same difference – why income equality hasn't changed much in 2000 years. *FT Magazine*. 24/25 November.
- Heath, D. 2003. *Hansard*. Record of the House of Commons, United Kingdom. 20 October.
- Heilbroner, R. L. 1975. *The making of economic society*. 5th edition. New Jersey: Prentice-Hall.
- Henckelman, J. C. 2000. Economic freedom and economic growth: A short-run causal investigation. *Journal of Applied Economics*, 3(1): May.
- Hobbes, T. 1651. *Leviathan*. Hammondsworth: Pelican uitgawe.
- Hogendorn, J. S. 1987. *Economic Development*. USA: Harper & Row, Inc.



- International Center for Peace and Development. [S.a.] *Social Origins of Democracy*. [Online]. [<http://www.icpd.org/democracy/index.htm>] [Accessed on 1 August 2007].
- Jellinek, G. 1966. *Allgemeine Staatslehre*. Berlin: Verlag Dr Max Gehlen.
- Jha, R. 2003. *Macroeconomics for developing countries*. 2nd edition. London: Routledge.
- Kammler, H. 1966. *Der Ursprung des Staates, Eine Kritik der Ueberlagerungslehre*, Köln.
- Kant, I. 1971: *Die Metaphysik der Sitten*. 1e uitgawe [A] 1797, 2e uitgawe (B) 1798, heruitgawe Kant, Werke, Band 7, Darmstadt.
- Katz, E. & Tarr, G. A. (eds). 1996. *Federalism and rights*. Maryland: Rowman and Littlefield Publishers Inc.
- Kelsen, H. 1925. *Hauptprobleme der Staatsrechtslehre* (herdruk 1960) Aalen: Scientia.
- Khoza, R. J. 2007. Education for an African Renaissance: Providing solutions for Africa. *Installation of the First Chancellor; Dr R. J. Khoza*. University of Limpopo. Turfloop. 9 November.
- Kose, A. M., Prasad, E. S., & Terrones, E. 2003. Financial integration and macroeconomic volatility. *IMF Staff Papers*, Vol 50. International Monetary Fund: Washington.
- Li, H. & Xu, Z. 2007. Economic convergence in seven Asian economies. *Review of Development Economics*, 11(3): August.
- Mager, W. 1968. *Zur Entstehung des modernen Staatsbegriffs*. Akademie der Wissenschaften und der Literatur. Abhandlungen der Geistes- und sozialwissenschaftlichen Klasse. Wiesbaden: Akademie der Wissenschaften und der Literatur in Mainz in kommission bei Franz Steiner erlag GMBH.
- Mbaku, J. M. & Kimenyi, M. 5. (1997). Macroeconomic determinants of growth: Further evidence on the role of political freedom. *Journal of Economic Development*, 22(2): December.
- McAleese, D. 2004. *Economics for business: Competition, macro-stability and globalisation*. 3rd edition. Essex: FT Prentice Hall.
- Mekkes, J.P.A. 1940. *Proeve eener critische beschouwing van de ontwikkeling der humanistische rechtsstaatstheorieën*. Libertas: Utrecht.
- Michie, J. 2006. Macroeconomic reforms and employment: what possibilities for South Africa. In Padayachee, V. (ed.). *The development decade? South Africa, 1994-2004*. Cape Town: HSRC.
- Mlambo, K. & Oshikoya, T. W. 2001. Macroeconomic factors in investment in Africa. *Journal of African Economics*, 10(Suppl 2), Centre for the Study of African Economies, Oxford University. September.
- Mohr, P. & Fourie, L. (eds). 2004. *Economics*. 3rd edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Moloto, P. R. 2005. *Growth trends in the South African manufactured export industry*. Unpublished MA dissertation, University of Pretoria.
- Münch, R. 1990. Differentiation, Rationalization, Interpenetration: The Emergence of Modern Society. In Alexander, J.C. 1990. *Differentiation Theory and Social Change*. (Co-editor Paul Colomy). New York: Columbia University Press.
- Nafziger, E. W. 1990. *The economics of developing countries*. 2nd edition. New Jersey: Prentice-Hall Inc.
- Naim, M. 1999. *Fads and fashion in economic reforms: Washington Consensus or Washington Confusion?* Working draft of a paper prepared for the IMF Conference on Second Generation Reforms. Washington, DC. [Online]. <http://www.imf.org/external/pubs/ft/seminar/1999/reforms/Naim.htm#I> [Accessed 22 August 2006].
- Odekon, M. (ed.). 2006. *Encyclopedia of World Poverty*. SAGE publications. [Online]. <http://www.sagepub.com/refbooksProdTOC.nav?prod1dBook226860> [Accessed on 31 January 2007].
- Page, J. 2006. Strategies for pro-poor growth: pro-poor, pro-growth or both? *Journal of African Economics*, 14(4), Centre for the Study of African Economies, Oxford University. December.
- Parkin, M. 2000. *Economics*. 5th edition. Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company, Inc.
- Prasad, E., Rogoff, K., Wei, S.-J., & Kose, M. A. 2003. *Effects of globalization on developing countries: Some empirical evidence*. Washington: International Monetary Fund.
- Puddington, A. 2007. Freedom in the World 2007: Freedom Stagnation Amid Pushback Against Democracy. In *Freedom in the world*. Freedom House [Online]. <http://www.freedomhouse.org/template.cfm?page=1> [Accessed 1 August 2007].
- Rawls, J. 1996. *Political Liberalism*. Revised Edition. Cambridge: Harvard University Press.
- Rodrick, D. 2003. Introduction: What do we learn from country narratives. In Rodrick, D. (ed.). *In search of prosperity: Analytical narratives on economic growth*. Princeton: Princeton University Press.



- Rossouw, J. 2007. 'n Kritiese beskouing van die Accra-verklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(2): Junie.
- Rossouw, J. & Fourie, J. 2008. Is groeiende welvaart teenoor armoede 'n nul-som spel? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(2): Junie.
- Rousseau, J. J. 1762. The social contract and discourses. Translation by G. D. H. Cole and reprinted in Ebenstein, W. 1969. *Great political thinkers: Plato to the present*. 4th edition. New York: W. W. Norton & Company, Inc.
- Rousseau, J.J. 1975: *Du contrat social et autres oeuvres politiques*. Paris: Editions Garnier Frères.
- Sachs, J. 2007. How I'd fix the World Bank. *Fortune*. 9 July.
- Sachs, J. D. & Warner, A. M. 1997. Sources of slow growth in Africa. *Journal of African Economies*, 6(3): December.
- Sahn, D. E. & Younger, S. D. 2004. Growth and poverty reduction in Sub Saharan Africa: Macroeconomic adjustment and beyond. *Journal of African Economies*. 13(Suppl 1), Centre for the Study of African Economies, Oxford University. July.
- Schnatz, H. 1973. *Päpstliche Verlautbarungen zu Staat und Gesellschaft, Original-dokumente mit deutscher Uebersetzung*, Edited by H. Schnatz. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Scully, G. W. 1988. The Institutional Framework and Economic Development. *Journal of Political Economy*, 96(3): June.
- Sen, A. K. 1999. Democracy as a Universal Value. *Journal of Democracy*, 10(3): July.
- Servén, L. 1998. Macroeconomic uncertainty and private investment in developing countries: An empirical investigation. *Policy Research Working Paper 2035*. Washington: The World Bank.
- Shahzad, A. [S.a.] *The North-South conflict*. [Online]. <http://www.newagebd.com/2005/jun/i3/oped.html> [Accessed on 31 January 2007].
- Soanes, C & Stevenson, A. (eds). 2004. *Concise Oxford English Dictionary*. 1st edition. Oxford: Oxford University Press.
- Sonn, F. 2008. Tussen die duiwel en die diep blou (AN)C. *Beeld*. 5 Desember.
- Stiglitz, J. E. 1997. *Economics*. New York: W.W. Norton & Company.
- Strauss, D. F. M. 2006. *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Strauss, D.F.M. The “Basic Structure of Society” in the Political Philosophy of John Rawls. In: *Politeia*, 27(1):28-46.
- Sundrijo, D. A. 1999. *Economic reformation plus political transition equals a massive chaos: Indonesian case 1997 to 1999*. Conference paper presented to the APEC Study Centre Consortium Meeting. Auckland. 1 June.
- The Modern Rationalist*. 2005. Editorial. 30: 4. April.
- Thompson, N. & Thompson, S. 2000. *The Baobab and the Mango Tree: Lessons About Development – African and Asian Contrasts*. London: Zed Books.
- Van Rooyen, J. J. 1976. *P W Botha: 40 Jaar*. Kaapstad: Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party.
- Williamson, J. 2002. *Did the Washington Consensus fail?* Speech at the Center for Strategic & International Studies, Washington, DC. 6 November. [Online]. <http://www.iie.com/publications/papers/paper.cfm?researchid=488> [Accessed on various dates, August 2006].

